## 17. Omgeepapier 2 - 8 Junie 2024

**Joh 15: 1 - 8 Jesus is die Ware Wynstok**

1. Lees Joh 15:1 en 5. **EK IS die Ware Wingerdstok**
   **Vraag - Wat beteken dit vir jóú as Christen / kind van die Here, as Jesus vir jóú sê: "EK IS die Ware Wingerdstok en jy een van die Lote. Wie in My bly en Ek in hom dra baie vrug"?**

2. Lees Rom 3:10 - 17 en Joh 15:4
   **Vraag - Het jy al probeer om op jou eie 'n "goeie mens te wees, goed te doen, al jou swakhede te oorwin"? Hoe het dit uitgedraai?**

3. Lees Joh 15:2
   **Vraag - deel met jou medegelowiges watter "lote" van jou vrugtelose lewe het die Here al weggesnoei, en hoe dit tot meer vrug gelei het?**

4. Lees Joh 15:7
   **Vraag - Hóé kan ek en jy "In Jesus Bly"?**

5. **Gebedsversoeke: Vir wie / watter situasie kan ons bid?**
   - **Vir almal in die gemeente wat ernstig siek is**
   - **Vir leiding en uitkoms vir almal wat deur krisisse gaan**
   - **Vir die Gees se Leiding nou, ná die 2024 verkiesing**
   -
   -

   **Waarvoor kan ons vir die Here dankie sê?**
   -
   -

**(Opsomming van die EK IS uitsprake van Jesus: Jesus ís "EK IS." (Jahweh vd Ou Testament; Jesus ís "Die HERE" van die Nuwe Testament). Jesus sê laastens in Openbaring 21 en 22: "EK IS die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde; EK IS die Helder Môrester! Dus herinner Jesus ons:**

- **EK IS die Opstanding en die Lewe - as jy sukkel met jou sonde-swakhede, bely dit en Staan Op in 'n Nuwe Oorwinnings-lewe met Jesus!**
- **EK IS die Brood wat Lewe gee - wanneer jy Nagmaal gebruik, onthou weer dat Jesus se Liggaam vir jou sondes gebreek is!**
- **EK IS die Lig vir die wêreld - onthou "U Woord is die Lig vir my pad"**
- **EK IS die Ingang vir die skape - wanneer mense sê alle godsdienste lei na saligheid, onthou Jesus is die Enigste Ingang**
- **EK IS die Goeie Herder - wanneer jy bietjie verdwaald voel - vra (vir Jesus) "Wat Sou Jesus Doen?"**
- **EK IS die Weg, die Waarheid en die Lewe - Jesus beliggaam ALLES wat ons Nodig het!)**
- **EK IS die ware Wingerdstok, jy een van die lote - Moenie op jou eie probeer nie!**